

2 October 2020

## **Lewensgehalte-opname VI (2020/21)**

Beste stadsgenoot van Gauteng,

Die Gauteng City-Region Observatory – 'n vennootskap tussen Wits en die Universiteit van Johannesburg – doen elke twee jaar 'n 'Lewensgehalte'-opname. Ons vra vrae oor 'n baie groot verskeidenheid kwessies wat ons almal raak, van vervoer tot opvoeding tot sosiale gesindhede tot besoedeling – ons probeer om so 'n groot veld as moontlik te dek. Hierdie jaar doen ons ons sesde opname, en ons gaan onderhoude voer met meer as 13 000 volwassenes regoor die Gauteng-stadstreek. GeoSpace International voer die onderhoude namens GCRO. Al die onderhoude voldoen aan streng COVID-19 regulasies.

Jy is ewekansig gekies om te verseker dat die opname 'n akkurate beeld weergee van die lewe in Gauteng, en ons nooi jou om 'n vraelys te beantwoord wat omtrent 45 minute, maar dalk selfs tot 'n uur, gaan duur. Ons gaan jou vra vir identifiserende inligting, soos jou naam en adres, wat slegs gebruik sal word vir die doel van gehaltebeheer. Ons gaan ook die GPS-koördinate aanteken van die plek waar die onderhoud gevoer word. Alle inligting wat met ons gedeel word, sal met absolute vertroulikheid hanteer word. Nadat al die onderhoude gevoer is, sal die antwoorde op 'n heeltemal anonieme manier saamgestel word. Daar is vir jou geen direkte voordele as jy aan hierdie navorsing deelneem nie, en daar is ook geen nadele of boetes as jy nie deelneem nie. Dit is jou keuse as daar enige vraag is wat jy nie wil beantwoord nie, en jy kan te eniger tyd uit die studie onttrek. Ons gaan 'n paar persoonlike en potensieel sensitiewe vrae vra, en as jy enigsins angstig of ongemaklik voel, sal ons die onderhoud stop of pouseer, of ons sal hierdie vrae oorslaan. Ons gaan ook vir jou 'n lys van organisasies gee wat gratis berading en ander dienste aanbied.

Die anonieme uitslag sal vir die publiek beskikbaar wees en sal ook vir die regering gegee word om hulle te help om die Gauteng-stadstreek beter te beplan en te bestuur. Hierdie opname word befonds deur die provinsiale en plaaslike regering, maar die GCRO is 'n onafhanklike universiteit-navorsingsentrum, en ons sê wat gesê moet word, gegrond op die inligting van die opname. Ons vorige opnames het beduidende bydraes gelewer tot die begrip van kwessies in ons stadstreek, en ons het die inligting gebruik om navorsingsverslae, data-inligting en kaarte te lewer. Daar is 'n paar voorbeelde by hierdie brief aangeheg en jy kan na ons webtuiste gaan by [www.gcro.ac.za](http://www.gcro.ac.za) en kyk na die uitslag van die vorige Lewensgehalte-opnames ([www.gcro.ac.za/qolviewer](http://www.gcro.ac.za/qolviewer)). Jou deelname is uiters waardevol.

As jy navrae van enige aard oor hierdie opname het, kontak gerus GeoSpace se inbelsentrum (081 073 2446; 071 041 0033), of u kan my kontak by (011) 717 7280 of [julia.dekadts@gcro.ac.za](mailto:julia.dekadts@gcro.ac.za). As jy enige bekommernisse of klagtes het oor die etiese prosedures van hierdie studie, is jy welkom om die Universiteit se Etiekomitee vir Menslike Navorsing (nie-medies) te kontak by telefoon +27(0) 11 717 1408 of per e-pos [Shaun.Schoeman@wits.ac.za](mailto:Shaun.Schoeman@wits.ac.za).

Die uwe,  
Dr Julia de Kadt  
Projekleier vir die Lewensgehalte-opname, Gauteng City-Region Observatory